# Die Regulerende Beginsel van die Erediens[1]

**deur ds. G.I. Williamson[2]**




**Inhoud**

1. Die regulerende beginsel – wat dit is en waarom dit bybels is
2. Die regulerende beginsel soos verstaan en toegepas deur Calvyn
3. Die regulerende beginsel soos wat dit in die Presbiteriaanse en Gereformeerde Kerke toegepas is: spesiale dae (feesdae) en Psalmsing
4. Die regulerende beginsel soos wat dit vandag geherdefinieer word
5. 'n Paar beskeie voorstelle

---

[1] Referaat getiteld "The Regulative Principle of Worship" gelewer tydens die 2001 International Conference of Reformed Churches (ICRC) te Westminster Theological Seminary, V.S.A. Vertaling deur Antoine Theron.
Die ICRC vergader elke vier jaar (volgende keer in Suid-Afrika) en die volgende kerke het lidmaatskap: De Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland; Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika; De Gereformeerde Kerken in Nederland (Vrijgemaakt); The Reformed Churches of New Zealand; The Reformed Presbyterian Church of Ireland; The Associate Reformed Presbyterian Church; The Canadian Reformed Churches; Evangelical Presbyterian Church in England and Wales; The Evangelical Presbyterian Church of Ireland; The Free Church in Southern Africa; The Free Church of Central India; The Free Church of Scotland; The Free Reformed Churches of North America; The Reformed Pilgrim Churches – Gereja Gereja Reformasi di Indonesia N.T.T.; The Orthodox Presbyterian Church; The Presbyterian Church in Korea (Kosin); The Presbyterian Church of Eastern Australia; The Reformed Church in the United States; The Reformed Presbyterian Church of North America; The Reformed Presbyterian Church of North East India; The United Reformed Churches in North America.

[2] **G. I. Williamson** is emeritus predikant van die *Orthodox Presbyterian Church*, waarmee die GKSA sustersbande het. Sien sy webblad by: http://www.all-of-grace.org/williamson/index.html

In hierdie lesing hoop ek om vier dinge te doen:

1. Eerstens wil ek beskryf wat die Regulerende Beginsel van die Erediens[3] is en waar dit vandaan kom. Dit is my oortuiging dat dit 'n apostoliese beginsel is wat net so duidelik in die Nuwe Testament as in die Ou Testament geleer word, en dat hierdie beginsel (en die praktyk wat dit voorskryf) normatief bly vir die kerk totdat Jesus weer kom.
Ek sal in hierdie artikel afkortend na die beginsel as die RB verwys.

2. Ek sal daarná verwys na die leer en praktyk van Johannes Calvyn.

3. Hierna sal ek wys hoe hierdie beginsel getrou *uitgedruk* is in die Gereformeerde kategismusse en belydenisse, en met groot eerlikheid *toegepas* is in die praktyk van die erediens van die Gereformeerde en Presbiteriaanse Kerke in die tyd toe ons Gereformeerde Belydenisse geformuleer is.

4. Dan sal ek probeer om aan te toon hoe Presbiteriaanse en Gereformeerde Kerke in onlangse tye die RB só ver uitgerek het dat dit omtrent al by breekpunt is.

5. En laastens sal ek enkele gevolgtrekkings maak en 'n paar beskeie hervormings aanbeveel wat ek glo dringend noodsaaklik is.

**1. Die regulerende beginsel – wat dit is en waarom dit Bybels is**

Laat ek begin deur eenvoudig te sê hoe ek die RB verstaan. Dit is, heel eenvoudig, die toepassing van die fundamentele beginsel van die Reformasie, *Sola Scriptura,* in die sfeer van die erediens. Dit is nog nooit helderder uitgedruk nie as in die Heidelbergse Kategismus. Die Kategismus vra (Vr. 96) "Wat eis God in die tweede gebod?" Die antwoord is:

> "Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie, en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie."

Zacharius Ursinus, een van die twee outeurs (indien nie *die* outeur nie!) van die kategismus, het dit as volg verduidelik:

---

[3] In hierdie lesing gaan ek nie die toepassing van hierdie beginsel op verskillende *tipes* erediens, soos private, familie, formele, informele ens. bespreek nie. My fokus hier is op die openbare erediens van gemeentes, onder die toesig van behoorlik aangestelde ouderlinge en bedienaars van die Woord.

> "Die doel en die rede vir hierdie gebod is dat die ware God ... vereer moet word op die manier ... wat Hom behaag, en nie deur 'n erediens volgens die verbeelding en gedagtes van die mens nie ... [en] dat die erediens van God soos dit voorgeskryf is, suiwer en onvermeng bewaar moet bly."[4]

Of, sommer kortweg: "Om God waarlik te vereer, beteken om Hom te dien op die manier wat Hy self voorgeskryf het."[5]

**Direkte Skrifgesag vir die RB**

Dit is belangrik om daarop te let dat die woord "beveel" *nie* beteken slegs die direkte, woordelikse bevele wat in die Skrif gevind word nie. Daar is geen direkte, woordelikse bevel, byvoorbeeld, wat – in soveel woorde – sê dat ons babatjies moet doop nie. Dit is waarom die Gereformeerde belydenisskrifte nie net die woord "beveel" gebruik nie, maar ook woorde soos "ingestel" en "voorgeskryf".

As mens kan aantoon dat 'n *praktyk* van die erediens apostoliese sanksie of goedkeuring gehad het, dan het daardie praktyk dieselfde normatiewe krag as wat dit sou hê indien ons 'n direkte bevel gehad het. Of, om dieselfde ding op 'n ander manier te sê, as ons vind dat 'n bepaalde praktyk apostoliese goedkeuring gehad het, is dit genoegsame bewys dat die Here dit beveel het. Met ander woorde, nie alles wat die Here beveel het, is in die Skrif opgeteken in die vorm van 'n direkte bevel nie. Maar deur goeie en noodsaaklike gevolgtrekking uit die Skrif kan ons seker wees oor wat Goddelike magtiging het en, aan die ander kant, wat dit *nie* het nie.

Die RB word duidelik in die Ou Testament geleer. Selfs hulle wat die RB wil verander – of sommer heeltemal wil afskaf – is bereid om dit toe te gee.[6] Toe eenmaal die sentrale heiligdom in Israel opgerig is (in die

---

[4] *The Commentary of Dr. Zacharias Ursinus on the Heidelberg Catechism*, Wm. B. Eerdmans Pub. Co. Grand Rapids, MI, 1954, p.517.

[5] *Ibid.* Die Westminster Shorter Catechism Antw. 51 kom grootliks op dieselfde neer: "The second commandment forbids the worshipping of God by images, **or any other way not appointed in his word."** Die Westminster Larger Catechism verduidelik verder wat die gebod verbied: "all superstitious devices, corrupting the worship of God, adding to it, or taking from it, whether invented and taken up of ourselves, or received by tradition from others, though under the title of antiquity, custom, devotion, good intent, or any other pretence whatsoever … and opposing the worship and ordinances which God has appointed."

[6] Steve Schissel, wat die RB verwerp as niks meer as 'n menslike uitdinksel nie, skryf nogtans: "Die *locus classicus*, die mees algemene en belangrikste teks wat aangehaal word

Tabernakel, in die tyd van Moses, en later in die Tempel, in die tyd van Salomo) was die enigste plek waar offers aan God gebring kon word, met sy goedkeuring, op daardie plek. Geen aanvaarbare verering van God kon gebring word sonder die voorgeskrewe priesterlike bemiddelling in hierdie offerandes nie. Want "sonder bloedvergieting" op die plek en op die wyse wat God voorgeskryf het, kon daar in daardie tyd – net soos vandag – geen vergifnis plaasvind nie (Heb. 9:22). Die verhouding van die Ou Testamentiese gelowige tot die Tabernakel of die Tempel was, met ander woorde, soortgelyk aan ons eie verhouding met die hemelse heiligdom (Heb. 12). Net soos in antieke Israel mense in die rigting[7] van God se heilige tempel aanbid het, so is daar ook vandag net een middelpunt waarna ons in die geloof gerig moet wees, naamlik die hemelse heiligdom waar ons groot Hoëpriester, die Here Jesus, vir ons intree.[8]

Toe die Here sy dissipels na sy opstanding ontmoet het, het hy gesê:

---

ter ondersteuning van die Regulerende Beginsel van die Erediens is Deuteronomium 12:32. 'Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie.' Maar hier ignoreer voorstanders van die Regulerende Beginsel die konteks, of kyk dit mis. Deur hierdie spesifieke vers te isoleer van sy konteks, word die skoonheid daarvan bederf, die impak daarvan geneutraliseer, en die krag daarvan verlam.

Deuteronomium 12:32 verskyn in die konteks van 'n deurslaggewende punt in die geskiedenis: ons het hier 'n baie belangrike stap in die ontwikkeling van die godsdiens van die verbond. Voorheen kon verbondsonderhouers offers bring waar hulle ookal wou. Van nou af sou die offerdiens baie beperk wees. Dit sou beperk wees, soos ons aan die begin gesê het, ten opsigte van plek, van persone, en van besonderhede.

*Dit is dan hier in Deuteronomium 12 wat ons inderdaad die instelling kry van wat tereg die Regulerende Beginsel van die Erediens genoem kan word: As dit beveel word, moet jy dit doen; as dit nie beveel word nie, mag jy dit nie doen nie* (sien vers 32). Moet ook nie na die heidene kyk nie. Hulle doen heeltemal gruwelike dinge wat Ek verafsku (verse 28-31). Doen wat Ek sê en net wat Ek sê." In *Messiah's Mandate,* 1999. (My beklemtoning, G.I.Williamson).

[7] 'n Predikant van die Orthodox Presbyterian Church, Peter Wallace, sê dat die Ou Testamentiese gelowiges nie God op 'n aanvaarbare manier in die sinagoges kon vereer nie omdat die erediens slegs by die Tempel kon geskied. Hierdie uitspraak het kwalifisering nodig. Dit is duidelik dat daar geen ware verering kon wees nie behalwe in verband met, en in afhanklikheid van, wat deurentyd in die tempel aan die gebeur was. Maar dit was geestelik moontlik ongeag of 'n gelowige 40 voet of 40 myl van die Tempel as sodanig af was. (Sien Ps. 5:7, Daniël 6:10, ens.)

[8] Ek verwys egter die leser op hierdie punt na my meer volledige behandeling van die Ou Testamentiese bewyse van die Regulerende Beginsel (http://homepage2.reconnect.com/giwopc/).

> “Aan my is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; **en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.** En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.” (Matt 28:18-20)

Die vetgedrukte woorde is baie belangrik as ons die RB in die Christelike Kerk wil verstaan omdat dit uit hierdie woorde duidelik is dat daar geen legitieme gesag in die Christelike Kerk is wat nie gevind word *in*, of ontvang is *van*, die Here Jesus Christus nie. Selfs die Apostels – wat saam met Christus en sy profete die fondament van die Kerk is (Ef. 2:20) – het geen gesag gehad behalwe die wat hulle van Hom ontvang het nie. Ek glo daarom dat Calvyn hierdie uiters belangrike woorde van ons Here heeltemal reg verstaan het as hy skryf:

> “... hy stuur die Apostels uit met hierdie kwalifikasie, dat hulle nie hulle eie uitdinksels na vore sal bring nie, maar suiwer en getrou sal oorlewer, so te sê van hand na hand, wat Hy aan hulle toevertrou het.”

Jesus het vir sy apostels gewys hoe mensgemaakte oorleweringe maar geneig is om die bevele van God kragteloos te maak (Mark. 7:1-13). En dat die apostels nie hierdie les vergeet het nie, is duidelik uit hulle geskrifte. Hulle het nie enige *leer* verkondig wat hulle nie van die Here ontvang het nie (vgl. Gal. 1, Judas 4). Maar ook het hulle nie enige *praktyk* in die verering van God goedgekeur wat hulle nie van Hom ontvang het nie. Dit is duidelik uit wat die Apostel Paulus skryf oor die sakrament van die Nagmaal: “... Want ek het van die Here ontvang,” skryf hy, “wat ek ook aan julle oorgelewer het...” (1 Kor. 11:23).

En omdat hy so versigtig was om oor te lewer presies wat hy van sy Here ontvang het, is dit nie verbasend nie dat hy – keer op keer - met gesag gepraat het oor wat toelaatbaar was en wat nie in die praktyk van die erediens van die apostoliese kerke (1 Kor. 14). Vroue, byvoorbeeld, is nie toegelaat om tydens die publieke erediens te praat nie (14:34, 35). Mans was eweneens onderworpe aan streng voorskrifte (1 Kor. 14:27-32), ingesluit hulle wat besondere openbaringsgawes ontvang het deur die oplegging van die hande van die apostels. En aangesien die apostel met vertroue daarop aanspraak maak dat hy “die hele raad van God” verkondig het (Hand 20:27), is dit nie verbasend dat hy ’n ernstige waarskuwing rig aan enigiemand wat daaraan dink om sy gesag te verontagsaam nie (1 Kor. 14:37).

Maar ten spyte van die getroue leer van die apostels was die neiging om af te wyk van God beveel het, ter wille van menslike behoeftes, reeds in die apostoliese kerk duidelik sigbaar. Telkemaal was daar duidelik weer die behoefte om gebonde te wees aan die swakke en armoedige eerste beginsels van die Ou Testamentiese seremoniële diens van God (Gal. 4:9,10). Sommiges was heeltemal gewillig om hulle te onderwerp aan die juk van die "gebooie en leringe van mense" (Kol. 2:22) in wat die apostel "self-ingestelde godsdiens" noem (v. 23).
Die apostels wou hê dat die mense hulle aan 'n *deur-God-ingestelde* godsdiens moes onderwerp! Maar so is die aard van die mens – ja, selfs wedergebore mense – dat die *self*-ingestelde, die eiesinnige, dikwels groter aantrekkingskrag gehad het (en steeds het). Geen wonder nie dat die apostel kon sê: "Ek vrees vir julle dat ek miskien tevergeefs aan julle gearbei het." (Gal. 4:11)

**Indirekte Skrifgesag vir die RB**
Dit is ook belangrik om raak te sien dat daar 'n verband bestaan tussen die RB en twee[9] ander belangrike Bybelse leerstukke wat deel is van ons Reformatoriese erfenis. Dit is naamlik (1) die grense van kerklike mag en (2) die reg van die gewete van die individuele Christen.

Die Westminster Confession het dit as volg geformuleer: (1) "All synods or councils, since the apostles' times, whether general or particular, may err, and many have erred. *Therefore they are not to be made the rule of faith,* ***or practice****;* but to be used as a help in both."[10] (Alle sinodes en konsilies, sedert die tyd van die apostels, hetsy van algemene of besondere aard, kan dwaal, en vele het gedwaal. Daarom moet hulle nie die standaard van geloof of lewe gemaak word nie, maar as 'n hulp gebruik word by beide.) En (2) "*God alone is the Lord of the conscience, and hath left it free from the doctrines and commandments of men, which are, in anything, contrary to his Word; or beside it, if matters of faith, or worship*." (*Alleen God is die Here van die gewete, en Hy het die gewete vry gelaat van die leerstukke en bevele van mense, indien dit in enige opsig ingaan teen sy Woord of wyer gaan as sy Woord, as dit gaan oor sake van geloof en erediens.*)[11]

[9] Dit is natuurlik heel selektief. Ek glo, byvoorbeeld, dat die leer van die mens se totale verdorwenheid – reg verstaan – by voorbaat sy vermoë uitsluit om enigiets uit te dink om aan te vul of verbeter op wat God reeds vir die erediens beveel het.
[10] Westminster Confession of Faith, XXXI.3.
[11] Westminster Confession of Faith, XX.2 (my beklemtoning).

As dit gaan oor die diens van God het ons ’n God-gegewe reg (en ’n heilige plig) om Hom te dien met ’n skoon gewete. Maar ten einde ’n skoon gewete te hê wanneer ons Hom dien, is dit nodig dat ons weet dat wat ons doen, sy goedkeuring dra. Maar hoe kan ons weet dat wat ons in die erediens doen, sy goedkeuring het? Die antwoord is, glo ek, *dat die Here self ons moet leer deur wat hy in die Skrif vir ons sê.* Dit volg hieruit dat niemand die reg het om enigiets op ons *af te dwing* aangaande enigiets wat ons in die erediens moet doen nie – of dit nou leer of praktyk is – tensy dit deur die Here Jesus self gemagtig is, en daardie magtiging geopenbaar is in die getuienis van die apostels. Maar die feit is dat baie dinge geleidelik in die Gereformeerde Kerke aanvaar is wat juis sonder enige duidelike Goddelike goedkeuring is.

In Paulus se eerste brief aan die Korinthiërs maak hy ’n merkwaardige aanspraak. Hy sê naamlik dat hy die argitek is van God se finale tempel:

> “Volgens die genade van God wat aan my gegee is, het ek soos ’n bekwame boumeester die fondament gelê, en ’n ander bou daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou. Want niemand kan ’n ander fondament lê as wat daar reeds gelê is nie, dit is Jesus Christus. En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels – elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is. As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang; as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen. Weet julle nie dat julle ’n tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?” (1 Kor. 3:10-16)

Die Christelike Kerk *is* dus die finale Tempel, en die plan vir die gebou van hierdie Tempel is aan Paulus die apostel geopenbaar. Om te sê dat hy die hele raad van God verkondig het, is om te sê dat hy alles wat God beveel het, geleer het. Daarom moet enigeen wat – met God se goedkeuring - wil deelneem aan die bou van die finale Tempel – bou op hierdie apostoliese fondament, en moet hulle die argitek se instruksies volg. En nêrens is dit meer belangrik as op die gebied van die praktyk van die erediens nie.

Wanneer ons op die dag van die Here bymekaarkom – waar ons ookal, geografies gesproke, mag wees – moet ons besef dat ons ook op hemelse plekke sit (Ef. 2:6). Wanneer ons God aanbid “in gees en waarheid”[12] kom

[12] Joh. 4:24

ons "by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tienduisende engele..." ens.[13] Vroue moet stil wees tydens erediens – nie omdat dit in die bevooroordeelde smaak van die Apostel val nie, maar omdat ware aanbidding plaasvind in die teenwoordigheid van die engele (1 Kor 11:10). Ek beskou hierdie gedeelte as 'n toeligting van die betekenis van die woorde van die Here aan die Samaritaanse vrou (Joh. 4). Om God te aanbid in *Gees* beteken (wat dit ookal verder mag beteken) minstens dit: ons word, deur die werking van die Heilige Gees, in verstand en in hart in staat gestel om op te styg na hemelse sfere.
Ons aanbid in *Waarheid* omdat dit nie langer net simboliese voorstellings van hemelse dinge is waarmee ons maar moet tevrede wees nie, soos dit die geval was met die aanbidding in die Tabernakel en Tempel nie. Nee, ons het nou die realiteit (Waarheid).

Met ander woorde, die kontras tussen die ware aanbidding wat *was* en die ware aanbidding wat nou *is* – die kontras tussen die Ou Testamentiese erediens en die Nuwe Testamentiese erediens – word opgesom in "Gees en Waarheid". Nou is die "realiteit" (Waarheid) – wat die oue gesimbolisser het – in werklikheid ons s'n in Christus Jesus deur die Gees. Maar hoe moeilik was dit nie vir die vroeë Joodse Christene (selfs vir die apostels!) om die skaduagtige voorstellings los te laat nie.
Een van die herhaalde struikelblokke vir die welstand van die kerk waarmee die apostel Paulus telkens te doen gekry het, was juis hierdie saak (Gal. 4, Rom. 14, Kol. 2, ens.). En hierdie struikelblok is nog steeds met ons. Selfs vandag wil 'n groot deel van die Christendom vashou aan die sigbare, skaduagtige simboliek wat die Tabernakel en die Tempel gekenmerk het, en verkies hulle die "swakke en armoedige eerste beginsels" bo aanbidding in Gees en in Waarheid.

## 2. Die regulerende beginsel soos verstaan en toegepas deur Calvyn

Calvyn het, meer as enige ander hervormer, na die hart van die aangeleentheid deurgedring. Hy het nie alleen die hele saak duidelik onderskei nie, maar ook die uitnemende belang daarvan besef.

> "Ek weet hoe moeilik dit is," sê Calvyn, "om die wêreld te oortuig dat *God alle maniere om Hom te vereer wat nie uitdruklik in sy Woord goedgekeur word nie, afkeur.* Die teenoorgestelde oortuiging kleef hulle aan – asof dit in hulle murg en bene vassit – dat wat hulle ookal doen vanself aanvaarbaar is, solank dit maar 'n soort ywer vir die eer van God vertoon. Maar aangesien God die

[13] Heb. 12:22

dinge wat ons doen uit ywer om Hom te vereer, maar wat verskil van sy bevel, nie net as waardeloos beskou nie, maar dit eenvoudig verafsku... waarom dit doen? Die woorde van God as duidelik en seker: 'om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer.' En 'tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.' " (1 Sam 15:2, Matt. 15:9) [My kursivering – G.I.Williamson]

Vir Calvyn was die enigste remedie vir die deurweekte verrotting van die Roomse kerk 'n terugkeer na die apostoliese voorskrifte *en praktyk*.[14] Hy het die apostoliese kerk gesien as die model van die ware kerk vir alle latere geskiedenis.[15] En was dit vir Calvyn dan so uiters belangrik?

> "As dan gevra sou word wat die belangrikste dinge is waardeur die Christelike geloof onder ons vasstaan, en sy waarheid behou, sal gevind word dat die volgende twee nie alleen die belangrikste plek het nie, maar daaronder ook al die ander dele insluit, en daarom die hele inhoud van die Christelike godsdiens, naamlik, 'n kennis, ***eerstens, van die manier waarop God reg vereer moet word***; en, *tweedens*, van die bron waarvandaan verlossing gekry moet word. As ons hierdie twee dinge nie reg insien nie, hoewel ons mag roem in die naam Christene, is ons aanspraak leeg en waardeloos..." (p.126, my beklemtoning, G.I. Williamson)

---

[14] Dit kan duidelik gesien word in sy brief aan Kardinaal Sadolet! "Ek wil nie so ver by u aandring om u terug te roep na die vorm wat die apostels ingestel het nie (hoewel ons daarin die enigste model het vir 'n ware Kerk, en hoewel wie ookal in die minste daarvan afwyk, besig is om te dwaal), maar in u eie belang die volgende: stel uself voor oë, pleit ek, daardie antieke vorm van die Kerk, soos wat ons uit hulle geskrifte kan aflei dit daar uitgesien het in die tyd van Chrysostomos en Basil, onder die Grieke; en van Cyprianus, Ambrosius en Augustinus, onder die Romeine; en nadat u dit gedoen het, dink aan die ruïnes van daardie Kerk, soos dit nou nog onder uself oorgebly het. Alte seker sal die verskil so groot lyk soos dié wat die Profete beskryf tussen die beroemde Kerk wat floreer het onder Dawid en Salomo, maar onder Sedekia en Jojakim in elke soort bygeloof verval en die suiwerheid van die diens van God heeltemal bederf het."

[15] Oor Calvyn en die apostoliese pratkyk, sien ook Charles Garside *The Origins of Calvin's Theology of Music: 1536-1543*, Transactions of the American Philosophical Society, vol. 69, pt. 4 (Philadelphia, 1979), p.10 waar hy opmerk dat Calvyn in sy Artikels van 1537 hom beroep op die praktyk van die apostoliese kerk. "Die Artikels maak duidelik dat saam met konformering aan die Woord van God Calvyn bedoel het om soveel as moontlik van die erediens en dissipline van die antieke kerk te rekonstrueer, en in daardie kerk, soos die heilige Petrus getuig het, is die Psalms gesing. Sulke sang was derhalwe heeltemal deel van Calvyn se groot visie van die hele lewe van die antiek kerk, net soos 'daardie antieke, dit wil sê, apostoliese, tugvorm van die afsnyding.' Psalmodie was 'n apostoliese gebruik, 'n feit van diepgaande belang vir Calvyn, bevestig deur sy verwysing na die vervalle aard van kontemporêre liturgiese musiek."

Daar word dikwels gesê dat regverdigmaking deur die geloof die hoofsaak van alles was vir die groot Reformatore![16] Maar dit was nie die geval nie, minstens nie vir Calvyn nie. Vir hom was die heerlikheid van God die belangrikste oorweging, en slegs daarna die welvaart van sondaars. Daarom dan ook dat hy prioriteit gee aan die manier waarop God gedien moet word – 'n prioriteit wat deurgaans gehandhaaf word in bykans al die groot Gereformeerde Kategismusse en Belydenisse.[17]

Ek kan nie sien hoe ons eerlik die Skrif kan aanvaar as die enigste onfeilbare reël vir ons geloof en *praktyk*, as ons nie getrou hierdie selfde model aanvaar nie. Want dit is hier alleen – in die geskrifte van die geïnspireerde apostels en die praktyke van die apostoliese kerke wat daarin geopenbaar word – wat ons leer wat Jesus beveel het.

## 3. Die regulerende beginsel soos wat dit in die Presbiteriaanse en Gereformeerde Kerke toegepas is

Hedendaagse Presbiteriaanse en Gereformeerde Kerke moet weer begryp waarom Calvyn so vurig was oor die model van die apostoliese kerk. Ons moet ook weer waardering kry vir die ryk seën wat die RB in die geskiedenis van ons kerke gebring het.[18] Die impak van hierdie konsekwente koers van lering deur die Calvinistiese Reformatore was baie groot. Dit is die rede waarom vir so lank in die geskiedenis die eredienste wat omtrent oral in die Presbiteriaanse en Gereformeerde Kerke aangetref is, gespreek het van 'n sobere eenvoud.[19] Die Woord van God, en veral die

---

[16] Dit kan miskien met meer stelligheid van Luther gesê word.

[17] Sien Bylaag A.

[18] Selfs Steve Schissel – wat sê dat die RB bloot 'n menslike uitdinksel is – gee toe (en dit nogal baie entoesiasties) dat die beginsel tot wonderlike seën was in ons geskiedenis. Mens wonder hoe 'n suiwer menslike uitdinksel dan op so 'n uitstaande manier deur die Here geseën is soos wat Schissel erken inderdaad die geval was.

[19] "Calvyn het die vorm van sy erediens gebaseer op die fondamente van Zwingli en Farel, en die dienste wat reeds in gebruik was in die Switserse Gereformeerde kerke. Soos sy voorgangers het hy geen simpatie hoegenaamd gehad met die Rooms Katolieke seremonialisme wat oorlaai was met onskriftuurlike tradisies en bygelowe nie. Ons mag byvoeg dat hy geen smaak gehad het vir die artistieke, simboliese en ornamentele dinge in die erediens nie. Hy het die mis verwerp, asook alle sakramente, buiten twee, die dae van die heiliges, omtrent al die kerklike feeste buiten Sondag, beelde, relikwieë, prosessies en al die prag en praal van 'n luisterryke aanbidding wat meer aanspraak maak op die sintuie en verbeelding as op die intellek en die gewete, en neig om die verstand af te lei met uiterlike vertoon eerder as om dit te rig op die oordenking van die verlossende waarheid van die evangelie."

"Hy het in die plek daarvan 'n eenvoudige en geestelike wyse van aanbidding ingestel wat

prediking van die Woord van God, was sentraal. En so lank as wat hierdie kerke geseën is met ’n getroue prediking van die Woord, het die mense nie die behoefte gehad aan allerhande bykomstighede nie. In sulke tye kon Gereformeerde gelowiges tuis voel in omtrent enige Presbiteriaanse of Gereformeerde Kerk, enige plek in die wêreld.
Selfs as hulle sulke gemeentes in ’n vreemde land besoek het, het hulle omtrent dieselfde sangbundel gevind as wat hulle tuis gehad het omdat daar ook (indien nie *uitsluitlik* nie, dan ten minste heeltemal *oorwegend*) *Psalms* gesing is.[20] Hulle het dieselfde eenvoudige elemente in die erediens gevind – dieselfde sakramente, wat in onversierde eenvoud bedien is – en selfs dieselfde basiese liturgie.[21]

In hierdie deel van my lesing wil ek aantoon hoe belangrik die RB oorspronklik was vir beide die Gereformeerde en Presbiteriaanse Kerke, deur te verwys na die manier waarop hulle dit toegepas het. Ek verwys na twee spesifieke sake, naamlik die verwerping van die tradisionele Rooms Katolieke feesdae en die ereposisie van die Psalms.

---

goed afgestem is op intelligente toewyding, indien dit lewend gemaak word deur die verkwikkende teenwoordigheid en krag van die Gees van God, maar wat bar en droog en koud raak as daardie krag ontbreek. Hy het die preek die middelpunt van die erediens gemaak, en het die lees van die Latynse mis vervang met lering en onderwysing in die volkstaal. Hy het die preekstoel, as die troon van die prediker, verhef bo die altaar van die offerende priester. Hy het die onuitputbare bron van vrye gebed in die publieke erediens ontsluit, met die oneindige moontlikhede van toepassing op die verskillende omstandighede en behoeftes; hy het, soos Luther, weer in die Kerk die onskatbare seën van die gemeentelike sang herstel, wat die ware populêre liturgie is, en meer effektief is as die lees van geskrewe gebedsformuliere.” (*History of the Christian Church,* deur Philip Schaff, ¶87, The Liturgy of Calvin).

[20] “Die Rooms Katolieke Kerk het geleidelik die Psalmboek met Latynse liedere vervang, waarvan die mense baie nie kon verstaan nie. Na die afskeiding van die Rooms Katolieke Kerk het die Gereformeerde kerke van Europa metriese weergawes van die Psalms [d.w.s in ritmiese verse, nie bloot prosaïes nie] in die volkstaal geproduseer wat hulle as hulle lofbundel in die publieke erediens van God gebruik het. Of dit in Switserland, Frankryk, Duitsland, België, die Nederlande of Brittanje was, die mense van die Gereformeerde Kerke het die psalms liefgehad en in hulle eie taal gesing. Byvoorbeeld, in 1574 het die Sinode van die Gereformeerde kerke van die Lae Lande (Holland, België en dele van Duitsland) beveel dat al die kerke slegs uit die bundel van Datheen sing (wat slegs die Psalms bevat het). Die Franse Hugenote is bekend vir hulle liefde vir die Geneefse Psalmboek van Beza en Marot. Hulle het die Psalms gesing in die publieke erediens en in die daaglikse lewe.” (*The Content of Songs Used in Public Worship*, deur Archibald A. Allison, p.1).

[21] “Dit is ’n bekende feit onder kerkhistorici dat soos die geestelike lewe begin kwyn, formalistiese en buitengewone onderhoudinge begin toeneem… Hy wat God in die Gees en met toewyding dien, sal min behoefte hê vir die buitengewone, en aan konstante vernuwings.” (*The Church Order Commentary* deur Idzerd Van Dellen en Martin Monsma. Zondervan, 1954 [Derde Uitgawe], p.275).

**Die RB en "spesiale dae" ("feesdae")**
Onder die gesaghebbende leiding van die apostels, was een van die dinge wat die apostoliese kerk *nie* beoefen het nie, enige jaarlikse viering van spesiale dae soos Kersfees en Goeie Vrydag (of selfs 'n spesiaal ingestelde jaarlikse Pase). As dit nodig was om 'n jaarlikse Kersdag te vier, byvoorbeeld, sou die Here self sekerlik die eerste wees om dit te besef het. En *Hy* sou kon voorsien wat nodig was om die egtheid daarvan te waarborg. Hy sou, byvoorbeeld, die datum van sy eie geboorte bekend gemaak het.

En Hy kon die apostels beveel het om die Christelike Kerk te leer om sulke dae te onderhou, reg van die begin af. Maar Hy het dit nie gedoen nie. Die onderhouding van sulke dae was nie deel van die "hele raad van God" wat aan die apostels bekend gemaak is nie, dit sien ons duidelik uit die Nuwe Testament. Daar is geen rekord van enige soort spesiale erkenning – of onderhouding – van enige van hierdie dae in die geskrifte van die apostels nie. Maar daar *is* bewysmateriaal dat die apostel Paulus daarteen gekant was dat die volk van die Here verdere spesiale dae, bykomend tot die dag van die Here, opgelê word. Ek dink Calvyn is korrek as hy sê dat die dae wat hulle begin het om in Galasië (Gal. 4:10 e.v.) te onderhou, afkomstig is uit die Joodse tradisie. En indien dit waar is, glo ek dat die Hervormer reg is as hy sê dat dit iets belangriks aan ons wil leer.
Dit is die geval omdat minstens sommige van die dae wat uit die Joodse tradisie afgelei is, dae is wat God persoonlik op 'n tyd beveel het. Maar die apostel het heftig gestry teen die oplegging van selfs *sulke* dae op die kerke (net soos wat hy die oplegging van die besnydenis teengestaan het). Hoe dan, vra Calvyn, kan ons dan dae wat nooit eers deur God ingestel is nie, vir die kerke oplê?

Die antwoord van baie mense is dat die Gereformeerde Kerke nie hierdie dae *afdwing* nie, maar dit "vryelik" onderhoud. Maar so 'n antwoord vind ek onoortuigend. Paulus sê – in Romeine 14 – dat individuele Christen gelowiges, in die apostoliese kerke, vry was om self te besluit of hulle enige van die Ou Testamentiese feesdae wou onderhou.

> "Wie is jy wat die huiskneg van 'n ander oordeel? Hy staan of val met betrekking tot sy eie heer; maar hy sal staande bly, want God is magtig om hom staande te hou. Die een ag die een dag bo die ander, die ander ag al die dae gelyk. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees. Hy wat die dag waarneem, neem dit waar tot eer van die Here; en hy wat die dag nie waarneem nie, neem dit nie waar nie tot eer van die Here; en wie eet, eet tot eer van die

Here, want hy dank God; en wie nie eet nie, eet nie tot eer van die Here, en hy dank God." (Rom. 14:4-6)

'n Christen was op geen manier *verplig* om hierdie dae te onderhou nie, net soos wat hy op geen manier verplig was om besny te word nie. Elke individu kon vryelik volgens sy eie gewete optree, sonder enige druk op hom na die een kant of die ander. Hierdie individuele vryheid is egter bedreig toe daar in Galasië sekere spesiale dae geinstitueer is.[22] *Toe* is Paulus aangevuur om hierteen in opstand te kom. Wanneer die kerk op enige amptelike manier die onderhouding van dae instel wat nie deur die Here beveel is nie, maak dit inbreuk op die gebied van 'n geheiligde gewete.[23]

En dit is my oortuiging dat baie Presbiteriaanse en Gereformeerde Kerke – minstens in die praktyk – presies dieselfde begin doen het as die kerk van Galasië. Kerklidmate verkeer onder geweldige druk om te konformeer en deel te neem aan die onderhouding van dae soos Kersfees en Goeie Vrydag *al erken hulle dat God nooit die onderhouding van hierdie dae ingestel het nie*. En, mag ek byvoeg, dikwels verkeer predikante onder selfs nog groter druk om aan hierdie menslike ingestelde onderhoudings mee te doen.

Soms sê selfs mense wat die Gereformeerde belydenisse onderskryf, dat die Kerk wel die reg het om die onderhouding van sulke dae voor te skryf.[24]

---

[22] Engels: "institutionalise", gedefinieer in die American Heritage Dictionary as: "a. To make into, treat as, or give the character of an institution to; b. To make part of a structured and usually well-established system."

[23] Westminster Confession of Faith, XX.2: "God alone is Lord of the conscience, and hath left it free from the doctrines and commandments of men, which are, in anything, contrary to his Word; or beside it, if matters of faith, or worship. So that, to believe such doctrines, or to obey such commands, out of conscience, is to betray true liberty of conscience: and the requiring of an implicit faith, and an absolute and blind obedience, is to destroy liberty of conscience, and reason also."

[24] Artikel 34 van die Church of England (aanvaar in 1562) formuleer blykbaar die geloof van baie Gereformeerdes vandag: "Elke besondere of nasionale Kerk het die bevoegdheid om seremonies of rituele wat slegs op menslike gesag verordineer is, te verordineer, te verander en af te skaf, sodat alle dinge tot stigting geskied." Die Westminster Assembly (1643-1648) het hierdie afwyking van die RB reggestel deur te sê: "...the acceptable way of worshiping the true God is instituted by himself, and so limited by his own revealed will, that He may not be worshiped according to the imaginations and devices of men, or the suggestions of Satan, under any visible representation, or any other way not prescribed in the Holy Scriptures." (Hfst. XXI, 1.) En: "God alone is Lord of the conscience, and hath left it free from the doctrines and commandments of men, which are, in anything, contrary to his Word; or beside it, if matters of faith, or worship." (Hfst XX,2).

Maar ek kan dit nie versoen met die leer van die Nuwe Testament of die Gereformeerde Belydenisse nie. Die apostel Paulus waarsku ons selfs daarteen om te luister na engele van die hemel as hulle leer verskil met dié van die apostels (Gal. 1:6-9). Hy sê dat ons vry mense is – vry van die leringe en *gebooie* van mense – en sê: "staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het". (Gal. 5:1). "As julle dan saam met Christus die eerste beginsels van die wêreld afgesterf het, waarom is julle, asof julle *nog* in die wêreld lewe, onderworpe aan insettinge ... volgens die gebooie en leringe van mense?" (Kol 2:20,22).
Mense hou aan om vir my te vertel dat hierdie dae (dit is, die amptelik ingestelde jaarlikse spesiale dae soos Kersfees, Goeie Vrydag en Paasfees) heel skadeloos is – en selfs voordelig is. Ek sal nie stry daarteen dat vir baie mense die dinge " 'n skyn van wysheid het, in eiesinnige godsdiens" nie. (Kol.2:23). Maar belangrik is die volgende: die geinspireerde apostel noem dit "almal dinge...", uitgedink en opgelê deur mense, wat "... geen waarde het nie." En die feit dat baie mense *dink* dat hulle groot waarde het, bevestig maar net die gevaar, soos ek dit sien, waarteen die apostel gewaarsku het.

As die apostels aan ons die hele raad van God oorgelewer het – en ek aanvaar dat hierdie volle raad *beide* sake van geloof *en* van praktyk insluit – kan ek nie sien hoe die kerk van vandag hom die reg kan toe-eien om reëls te maak wat God se volk bind om jaarlikse dae te onderhou nie – dit is dan juis daardie bevoegdheid[25] wat selfs van die apostels weerhou is. Legitieme magsuitoefening deur die Kerk is slegs dienend en verklarend. Die kerk het nie enige gesag om *nuwe* wette vir die volk van God te maak nie. Die mag om wette vir sy volk te maak, is voorbehou vir die Here Jesus alleen. Die kerk, die bruid van Christus, het alleen maar die bevoegdheid – as 'n getroue bruid – om te sien dat haar kinders die reëls van haar bruidegom geleer word. En as die apostels en hulle tydgenote werklik die finale omvang van die volle raad van God vir ons in die geïnspireerde Skrifte vasgelê het, dan is daar geen nodigheid of magtiging vir enige sulke nuwe wetgewing nie.

Vandag hoor mens ook dikwels die stelling dat die RB 'n Puriteinse beginsel was wat vreemd was aan die Gereformeerde tradisie van die Europese vasteland. Maar mens kan maar net wonder waarom hulle wat hierdie bewering verkondig, blykbaar nog nooit die moeite gedoen het om

[25] Hiermee bedoel ek "bevoegdheid om te nuwighede in te bring, uit te dink en om God se volk dinge op te lê" wat nooit deur die Here beveel is nie.

na die historiese rekords te gaan kyk nie.[26] Die waarheid is dat die kontinentale Hervormers in die 16de eeu net so "Puriteins" was soos die "Puriteine" self! Daar is 'n wêreld se verskil tussen die werklike historiese feite en die wanvoorstellings van die kontinentale Gereformeerde posisie wat so dikwels vandag gehoor word.[27] Die RB mag miskien vandag nie baie

---

[26] Die teoloog Robert L. Reymond het hierdie wanvoorstelling raakgesien: "J.I. Packer het die regulerende beginsel verwerp op grond daarvan dat dit 'n 'Puriteinse nuwigheid' is. Maar wat mens ookal van hierdie beginsel kan sê, 'n Puriteinse nuwigheid is dit nie...." ('The Puritan Approach to Worship,' *Diversity in Unity* London: The Evangelical Magazine, 1946, p.4-5) Dr. Edmond Clowney sê dieselfde in 'n opstel getiteld "Distinctive Emphases in Presbyterian Church Polity" in die 50jarige gedenkbundel van die Orthodox Presbyterian Church getiteld *Pressing Toward the Mark*, p.102: "Die regulerende beginsel is *nie* 'n kenmerkende beginsel van die Engelse in teenstelling met die vastelandse Gereformeerde leierskap nie. Dit word uitdruklik verwoord in Artikel 32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (1561)."

[27] Die eerste Sinode van die Gereformeerde kerke van die Nederlande wat na hierdie saak gekyk het, het plaasgevind in **Dordrecht in 1574**. Hier het die afgevaardigdes op 18 Junie die volgende besluit: "Wat die feesdae bykomstig by die Sondag betref, is besluit om tevrede te wees met die Sondag alleen. Nogtans sal die normale inhoud wat gaan oor die geboorte van Christus die Sondag voor Kersdag behandel word saam met 'n vermaning aan die mense om nie Kersdag te onderhou nie. As Kersdag op 'n Sondag val, sal dieselfde inhoud op daardie dag gepreek word. Dit is ook toelaatbar om te preek oor die opstanding en die uitstorting van die Heilige Gees op Paas Sondag en Pinkster Sondag, wat aan die vryheid van die predikante oorgelaat word."

By die prinvinsiale **Sinode van Rotterdam** in die daaropvolgende jaar is 'n soortgelyke besluit geneem:

"Wat die feesdae betref: Die regering sal versoek word om elkeen toe te laat om 6 dae in die week te werk in ooreenstemming met die 4de gebod van ons Here. En as die regering enige ander (feesdae) behalwe Sondae instel, sal die afgevaardigde ministers die parlement versoek om hulle van al die nodige inligting te voorsien sodat die predikante in staat is om te oorweeg hoe ver 'n mens in hierdie saak moet gaan, sodat aan die een kant die mense nie in bygeloof verval soos deur Paulus in Gal. 4 gewaarsku nie, en aan die ander kant dat die mense nie gelei word tot 'n te heftige verset teen die regering as gevolg van hierdie feesdae nie."

Die besluit van die volgende Nasionale **Sinode van 1578**, wat in Dordrecht gehou is, vertel die verhaal van die teleurstelling van die kerke in hierdie kwessie.

"Dit was inderdaad te hope dat die vryheid van God om 6 dae te werk vir die kerk toegelaat sou wees, en dat slegs die Sondag gevier sou word. Maar aangesien sekere andere feesdae onder verpligting van regeringskant onderhou word, naamlik Kersdag en die dag daarna, en eweneens die tweede dag van Pase en die tweede dag van Pinkster en in sekere gebiede Nuwejaarsdag en Hemelvaart; sal die predikante hulle bes doen om die gemeente te leer om onproduktiewe en skadelike ledigheid te omskep in heilige en voordelige aktiwiteit deur preke wat spesifiek gaan oor die geboorte en opstanding van Christus, die uitgieting van die Heilige Gees, en sulke soortgelyke onderwerpe van die geloof. Die predikante van die kerke sal dit doen in die stede waar meer feesdae (as Sondae) onderhou word op bevel van die owerheid. In die tussentyd sal alle kerke so ver as moontlik en op die mees gepaste wyse

werk vir die afskaffing van die normale onderhouding van alle feesdae buiten Kersdag (omdat Pase en Pinkster op Sondae val)"

Hierdie feite word baie duidelik uit die geskrifte van 'n bekende Nederlandse teoloog genaamd **Gisbertus Voetius** (1589-1676). Hy was 'n afgevaardigde by die beroemde Sinode van Dordrecht en 'n kenner op die terrein van die kerkreg. In sy *De Sabbatho et Festis* bespreek hy, naby die einde van die tweede bylaag by hierdie traktaat, die verskillende aard van die artikels in die kerkorde. In hierdie bespreking onderskei hy tussen (1) artikels wat *voorskriftelike* bevele vir die kerke is en (2) daardie artikels wat "*gedeeltelik toelatend, of toegeeflik, of tollererend is; gedeeltelik beperkend, so dat as 'n bepaalde praktyk dan nou moet bestaan, dit dan ten minste net dit sal wees en niks meer nie."* Oor die laaste soort arikels – een waarvan gaan oor dae soos Goeie Vrydag en Kersfees – sê hy:

"Sulke artikels is nie kenmerkend of intrinsiek of vrywillige impulse wat uitgaan vanuit die hart van die kerk nie; maar toevallig en ekstrinsiek (net soos 'n sonsverduistering 'n ekstrinsieke verskynsel is wat deur die maan veroorsaak word), wat van buitekant aan die kerk opgedwing word, 'n beswarende las vir die kerke is, en in hulleself en van hulleself en in absolute sin onwelkom is. Sinodes is bymekaargeroep en gedwing en gedreig om hierdie artikels te aanvaar, in te bring en toe te laat, in 'n soort onderhandelde skikking (transaksie), ten einde 'n nog erger onwenslike en slegte situasies te voorkom."

Met ander woorde, die waarheid is – soos Voetius sê, dat hierdie "Sinodes nie vrywillig [die jaarlikse herdenking van dae] voortgebring of ingestel het omdat hulle daarin 'n beter manier of groter opbouing gesien het nie. Maar die dae is ingestel vanweë die noodsaak en die afdwing daarvan deur die regeerders en die burgery, en eers toe, na al die pogings om die onderhouding daarvan te staak en die besluit van die Sinode van 1574 om dit af te skaf, hulle op 'n sekere tydstip nie in staat was om daarmee weg te doen nie – 'n feit wat hulle erken het in 1578."

Dit is ook die moeite werd om daarop te let dat in die 19$^{de}$ eeu die kerke van die "Afskeiding" in Nederland in 1834 weer dieselfde bedenkinge gelug het as die Gereformeerde kerke van ouds. In Amsterdam is in 1836 die besluit geneem:

"Omdat die Heilige Skrif ons ernstig vermaan om te staan in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, vra gehoorsaamheid aan die gebooie van God, wat die gemeentelike bymekaarkomste op die Dag van die Here betref, **dat ons nie mense dwing om die sogenaamde feesdae te onderhou wat die Here nie in sy Woord beveel het nie.** Die Dag van die Here is deur die Here self geheilig, en ons kan nie en mag nie daar enige fees op menslike bevel byvoeg nie. Die ses werksdae is deur God gegee om daarop te werk: mense mag inderdaad op hierdie dae bymekaarkom om opgebou te word uit en deur God se Woord, solank die gewetens van mense nie gebind word aan die onderhouding van vaste en jaarliks terugkerende feesdae nie: **in hierdie saak moet die gewete volkome vry gelaat word**."

Die **Skotse Reformatore** het dieselfde mening gehuldig as hulle vastelandse broeders, en was deur God se voorsienigheid in staat gestel om hierdie dae heeltemal af te skaf – 'n resultaat wat meer as twee eeue geduur het. (Sien *The Christian Year, in The Dictionary of Scottish Church History & Theology*, uitgegee deur IVP en T&T Clark, 1993, pp.170-171).

beteken vir party afstammelinge van die kontinentale Gereformeerde Kerke nie, maar dit het *wel* baie beteken vir hulle voorouers.

**Die RB en die gebruik van Psalms**

Ek was self teenwoordig in 1956 by die Algemene Vergadering van my Kerk toe die inhoud van die eerste weergawe van die Trinity Hymnal gefinaliseer is. Ek was mede-ondertekenaar[28] van 'n beswaar teen die optrede van die Vergadering wat "goedkeuring verleen aan gesange anders as gesange wat afgelei word uit die Skrif self" *en* "slegs 'n beperkte aantal van die metriese Psalms vir gebruik goedkeur."[29]

By hierdie Vergadering het verskeie sprekers met die grootste welsprekendheid die oortuigendste argument aangevoer vir die groot verandering wat plaasgevind het in die sangbundels van die meeste Presbeteriaanse en Gereformeerde kerke. Dit was naamlik die argument wat redeneer dat 'n nuwe era van die heilsopenbaring 'n nuwe uitstorting van lofliedere meebring.

En so, lui die argument, het die belangrikste periode van die nuwe heilsopenbaring – die apostoliese tyd – 'n uitbarsting van nuwe liedere geverg. Ek onthou hoe oorredend hierdie teorie geklink het toe ek dit die eerste maal gehoor het. Die enigste probleem is dat toe ek meer versigtig daaraan dink, en ek 'n bietjie geskiedkundige navorsing gedoen het, ek gesien het dat dit hoegenaamd geen gewig dra nie.

Kom ons veronderstel, vir 'n oomblik, dat die Ou Testamentiese boek van die Psalms nie voldoende is as 'n instrument van lof vir die Nuwe Testamentiese kerk nie. Is dit nie vanselfsprekend dat, indien dit werklik die geval was, die eerste om dit te besef onse Here self sou wees nie? Die Here *het* geweet dat 'n nuwe sakrament nodig was. Dit was waarom hy die sakrament van sy liggaam en bloed ingestel het in wat ons die Nagmaal noem. Maar tydens dieselfde geleentheid wat Hy dit ingestel is, het hy sy dissipels gelei in die sing van 'n Psalm uit die Psalmboek. En volgens al die getuienis wat ek nog gesien het, het die apostel Paulus die Here se voorbeeld gevolg.

Hy het nie self enige nuwe gesange geskryf nie. Wat hy wel gedoen het, was om beide die Efesiërs en Kolossense te beveel om die deur-die-Gees-geïnspireerde Psalms, himnes en gesange wat hulle reeds gehad het, te sing – iets wat hulle maklik kon doen omdat hulle die Psalmbundel in hulle eie (Septuagint weergawe) van die Bybel gehad het. Die apostels was deur God

---

[28] Die protes is ook onderteken deur Prof. John Murray en Dr. William Young.

[29] Notule van die 1956 General Assembly of the Orthodox Presbyterian Church, p.53.

geïnspireer. As die boek van Psalms, wat hulle in die Ou Testamentiese Skrifte geërf het, in enige opsig onvoldoende was, sou hulle tog gou wees om dit te besef.[30] En, as hulle dit eenmaal besef het, sou hulle iets doen om die gebrek op te los. Hulle kon ons selfs ’n boek van geïnspireerde Nuwe Testamentiese liedere gegee het. Maar hulle het dit nie gedoen nie. So die argument dat nuwe eras in die heilsopenbaring altyd nuwe lofgesange voorbring, strook nie met die historiese feite nie.

In my navorsing van die historiese materiaal kon ek nêrens enige sulke liedere uit die tyd van die Apostels of die daaropvolgende eeu vind nie. Daar kan natuurlik beweer word dat daar wel sulke komposisies was – dalk selfs baie daarvan – maar dat hulle, vir een of ander rede, nie die moeite werd was om te behou nie. Mens sou ook kon beweer dat ons klein fragmente van sulke komposisies deur die Nuwe Testament versprei vind. Maar die feit is dat daar geen bewys van soiets is nie. Soos Dr. R. Dean Anderson dit gestel het:

---

[30] Baie van vandag se argumente ten gunste van die ongeïnspireerde kerklied is gebaseer op die veronderstelling dat die Psalmboek tekort skiet as gesangeboek vir die kerk van die nuwe verbond. Die perspektief van Calvyn was baie verskillend, en hy skryf: “Ek was gewoond om hierdie boek, nie onvanpas nie, dink ek, te noem: ‘ ’n Anatomie van al die Dele van die Siel’... In kort, omdat die aanroep van God een van die grootste manier is om ons eie veiligheid te verseker, en omdat ’n beter en meer onfeilbare rigsnoer om ons hierin te rig nêrens anders as in die Psalms gevind kan word nie, volg dit, dat in verhouding met die groei wat ’n mens maak in sy insig in die Psalms, ook sy kennis van die belangrikste deel van die hemelse leerstukke sal toeneem... Dit is in die diepgaande bestudering van hierdie geïnspireerde komposisies wat mens op die daadwerklikste manier opgewek word tot bewuswording van jou eie kwale, en terselfdetyd geleer word hoe om die middelle tot genesing daarvan te soek...

Daar is geen ander boek waarin helderder en meer skitterende aanprysings gelees word van beide die ongeëwenaarde vrygewigheid van God teenoor sy Kerk, en ook van al sy werke nie; en daar is geen ander boek waarin soveel verlossings opgeteken staan nie, of een waarin die getuienisse en ervaringe van sy vaderlike versorging en ontferming wat God teenoor ons koester, met soveel welsprekendheid gehuldig word nie, en tog deurgaans met nougesette toewyding aan die waarheid; daar is eenvoudig geen ander boek waarin ons op meer perfekte manier die regte manier om God te prys, geleer word nie; of waarin ons kragtiger beweeg word tot die beoefening van die ware godsdiens nie ... **hier kom niks kort** aan kennis van die ewige saligheid **nie**.” (Calvyn se Voorwoord vir sy Kommentare op die Psalms, pp. xxxviii en xxxix) “... en nadat ons oral gesoek het, aan alle kante, hier en daar, sal ons geen gesange vind wat beter en meer geskik is vir ons doel as die Psalms van Dawid, wat aan hom gedikteer is en vir hom geskryf is deur die Heilige Gees nie.” (Opera, Vol. Vi, p.171-172, my beklemtoning.)

Dieselfde sentimente weerklink in die woorde van die Skotse hervormer John Knox: “... daar is geen gesange meer geskik as die Psalms van die profeet Dawid nie, wat deur die Heilige Gees saamgestel is vir hierdie gebruik, en aan die Kerk aanbeveel is as bevattende die effek van die hele Skrif, sodat daardeur ons harte op meer lewendige manier aangeraak kan word... “ (John Knox’ Works, Vol 4, pp.164-166, my beklemtoning.)

> “Dit is baie algemeen in vandag se tyd vir Nuwe Testamentiese navorsers om te praat van die ‘gesange’ wat in die briewe van Paulus gevind is. Van al die verskillende gedeeltes van die briewe van Paulus wat vir hierdie ‘eer’ uitgesonder word, het geeneen meer bespreking ontlok as Fil. 2:6-11 nie.”
>
> “Daar is geen getuienis wat bewys dat hierdie gedeelte ooit ’n gesang was, of ooit gesing is nie, om nie te praat van gebruik in die publieke erediens nie. ’n Stelling wat dit impliseer, bly maar net ’n veronderstelling. Daar is eenvoudig geen manier om dit te bewys nie. Wat as argument oor hierdie Skrifgedeelte aangevoer word, is dat dit ’n bewustelike digterlike indeling vertoon. Dan is daar ook die meer komplekse vraag oor of dit ’n digterlike gedeelte is wat Paulus self geskryf het, en of hy dit bloot aangehaal het. En laastens word die veronderstelling gemaak dat hier ’n digterlike gedeelte is wat as gesang in die erediens gebruik is.”
>
> “Daar is ’n magdom teorieë, maar baie min werklike oplossings. Ons teksgedeelte is geen uitsondering nie. Martin skryf met betrekking tot Fil 2:6-11: “Van al die pogings van literêre analise wat ons ondersoek het, is daar geeneen wat algemeen aanvaar word nie.”[31]
>
> “Die swakheid van hierdie hele argument kan gesien word in die feit dat daar geen aanduidings is dat enige van hierdie gedeeltes wat sogenaamd as gesange in die Nuwe Testamentiese briewe uitgewys word, ooit as gesange deur die vroeë kerk gebruik is nie. As gesange in die apostoliese tyd bestaan het, en veral as die apostels self uit hulle aangehaal het, sou hulle tog sekerlik deur die vroeë kerk bewaar gewees het, of ten minste êrens vermeld word!” [32]

Ek dink dit is tyd vir ’n groter mate van eerlikheid onder die Nuwe Testamentici. Dit is tyd om te erken dat ’n blote veronderstelling nie dieselfde is as ’n bewys nie, en dat selfs om te sê “meeste navorsers stem

---

[31] Martin, R.P., 1967 *Carmen Christi: Philippians Ii.5-II* in *Recent Interpretation and in the Setting of Early Christian Worship, Society for New Testament Studies Monograph Series,* London: U.P., p.36.

[32] Die aanhalings kom uit *Prophetic Singing in the Public Worship of the Church* deur Dr. R. Dean Anderson. Dit is op die Internet beskikbaar by http://www.spindleworks.com/library.htm. Dit is die soort versigtige en eerlike navorsing waaraan vandag dikwels so ’n gebrek bestaan.

saam" nog geen behoorlike bewys is nie.[33] As die historiese RB enigiets beteken, beteken dit dat alles wat deel is van die openbare erediens van God 'n *duidelike* en *sekere* magtiging van die Skrif verg. Dit is my oortuiging dat die RB inderdaad die leer van die Skrif is. Dit is ook my oortuiging dat een van die grootste – indien nie *die* grootste nie – behoeftes in vandag se kerk 'n eerlike terugkeer na hierdie beginsel is.[34]

## 4. Die RB soos wat dit vandag geherdefinieer word

As ons kyk na hoe die kerke wat die erfgename is van die Gereformeerde en Presbiteriaanse nalatenskap vandag daar uitsien, is een ding baie duidelik. In vele van hierdie kerke is die ou Gereformeerde eenvoud van aanbidding vervang deur allerhande nuutskeppinge.[35] Daar kan nie meer langer gesê word dat hulle dieselfde liedereboek deel nie. In baie kerke is die sing van die honderd-en-vyftig Psalms verduister deur die sing van honderde ongeïnspireerde gesange. En die teoloë van die Presbiteriaanse en Gereformeerde kerke – selfs die mees konserwatiewe, ortodokse kerkverbande – blyk 'n heeltemal ander begrip van die RB te hê as ons Gereformeerde en Presbiteriaanse voorouers. Òf ek verstaan nie wat baie van hierdie hedendaagse teoloë sê nie, òf hulle is nou besig met 'n proses van herdefiniëring van die RB.  In hulle hande het die RB so elasties geword dat dit min ooreenstemming vertoon met die beginsel van die Calvinistiese Hervormers, of die manier waarop hierdie beginsel deur die Gereformeerde en Presbiteriaanse kerke van vorige geslagte verstaan is. Soos Dr. T. David Gordon dit gestel het: "In die huidige situasie lyk dit of min van die vriende of vyande van die regulerende beginsel dit nog verstaan soos dit tradisioneel verstaan is."[36] Een teoloog sê byvoorbeeld hy

---

[33] Dit was Prof. J. Gresham Machen wat my, lank gelede, daarvan oortuig het dat ek die tirannie van die eksperts moet verwerp.

[34] C. Lee. Irons, in sy onlangse verdediging van die gebruik van ongeïnspireerde gesange, praat met eerlikheid wat nie dikwels in sulke debatte aangetref word nie. Hy erken dat 75% van die gesange in die Trinity Hymnal nie werd is om in die erediens te gebruik nie. Hy sê ook dat enige nuwe gesange die Psalms moet naboots om wel waarde te hê. Met hierdie soort eerlike evaluaering van wat die afgelope eeu en 'n half opgelewer het, mag die tyd gou kom dat baie mense uiteindelik sal erken dat Calvyn al die tyd reg was.

[35] Dr. Robert L Reymond maak 'n veelseggende opmerking in sy bespreking van die erediens: "… wanneer mens deesdae op 'n Sondag in hierdie land in die meeste Gereformeerde kerke instap, kan jy nooit seker weet of van jou gevra gaan word om aan 'n 'tradisionele' of 'kontemporêre', liturgiese of nonliturgiese, formele of herlewingsgerigte tipe erediens dele te neem nie." Hy sê ook, en na my mening tereg: "Enigiemand wat die tyd sal neem om die hele aangeleentheid te bestudeer sal uiteindelik moet bevind dat die erediens in evangeliese kerke in hierdie geslag, in die algemeen gesproke, grens aan bankrotskap." (*A New Systematic Theology of the Christian Faith,* p. 873).

[36] *Westminster Theological Journal* No. 54 (1992), p.31

vind geen "bevel" in die Bybel om 'n preek in die erediens te moet hê nie.[37] 'n Ander sê dat die historiese regulerende beginsel van erediens niks meer is as 'n menslike uitdinksel nie[38], maar maak dan – ironies genoeg – die volgende akkurate opmerking:

> "Sommige wat hulleself aanhangers van die Regulerende Beginsel van die Erediens noem, glo in 'n weergawe wat só elasties is dat enige eerlike buitestaander dit skaars sou kon herken as die Regulerende Beginsel... Ons sou nie baie tyd hê vir 'n man wat ons probeer oortuig dat 'n koei 'n dier is met twee bene, vere en 'n kam nie. Hy is besig om iets anders te beskryf as wat ons 'n koei noem, geen twyfel nie! Net so probeer ware aanhangers van die Regulerende Beginsel ten minste om 'n sekere beginsel ("as dit nie beveel word nie, is dit verbode") toe te pas, selfs as hulle probeer om die toepassings te verbeter. Die sleutel hier is dat hulle ten minste omgaan met die Regulerende Beginsel op so 'n manier dat mens dit steeds as die beginsel in sy historiese betekenis kan herken."[39]

Alhoewel ek dit jammer vind dat die aangehaalde skrywer die RB verwerp, moet ek saamstem met sy opmerking. Wat ons vandag in die Gereformeerde tradisie moet aanskou, is in werklikheid 'n vernietigende aanval op die RB deur 'n proses van *herdefinisie*.[40]

---

[37] *Westminster Theological Journal* No. 55 (1993), p.392. In sy onlangse boek getiteld *"Worship in Spirit and Truth*" spreek prof. John Frame ook sy goedkeuring van liturgiese danse uit. (Die verskuiwing hier is duidelik 'n verskuiwing in definisie. Die Westminster Assembly het die apostoliese *voorbeeld* verstaan as een van die maniere waarop ons kan weet wat Jesus *beveel* het. Vgl. William Cunningham oor die bindende aard van die apostoliese voorbeeld en praktyk, en oor die Goddelike reg, in *Historical Theology,* 1:64-78, en James Bannerman, *The Church of Christ*, 2:201-213, 404-408, oor Skriftuurlike voorskrifte, voorbeeld en beginsels.)

[38] "Die regulerende beginsel van die erediens, waarvan gesê word dat dit die volk van God teen die uitdinksels van mense beskerm, is self 'n uitdinksel van mense." Steve Schlissel in *All I Really Need to Know About Worship* (Deel I), p. 7.

[39] Messiah's Mandate, *Second Letter*, 1999. p.5.

[40] Die Westminster Confession defineer erediens as bestaande uit verskillende "dele" (of elemente) soos gebed, prediking, lees van die Skrif, sing van Psalms, en bediening van die sakramente. Dr. Vern Poythress hou nie van hierdie formulering nie, en *herdefinieer* daarom erediens in so 'n manier dat hy ontken dat daar verskillende dele of elemente is en in plaas daarvan aandring daarom dat daar net verskillende maniere is om dieselfde ding te doen. (Vir meer hieroor sien Michael Bushel se boek *The Songs of Zion*, p.47 waar die outeur korrek sê: "ons gee heeltemal toe dat sing, preek, gebed en lering alles sekere aspekte in gemeen het. Sang, prediking, en gebed vertoon alles in verskillende mate onderrigtende funksies. Ons gee ook toe dat daar verskillende maniere is om die Woord van God in gegewe situasies toe te pas. Maar hierdie waarneming beantwoord nie op sigself die vraag of sang 'n onderskeie of aparte element van die erediens is nie ... Ons beweer nie dat hierdie ...

**5 – ’n Paar beskeie voorstelle**

[1] Soos ek dit sien, vra die nood van ons tyd presies wat Dr. T. David Gordon bepleit het: “As daar intelligente, en uiteindelik vrugbare, bespreking van die Gereformeerde begrip van die erediens moet wees, moet so ’n bespreking genoeg respek hê vir die Gereformeerde tradisie om die belangrikste geskrewe uitdrukkings van daardie tradisie in ag te neem.”[41] As Gereformeerde Christene bely ons nog steeds die Skrif as die enigste reël vir ons geloof *en praktyk*.[42] Ons bely ook dat die lering van die Skrif voldoende is[43] en dat ons daarom vry is van alle leringe en gebooie van mense op die terrein van die erediens – nie alleen hulle wat teen die woord van God is nie, maar selfs ook hulle wat buite die Skrif om gaan.[44] Maar vandag bereik in vele Presbiteriaanse en Gereformeerde Kerke die spanning tussen die historiese *belydenis* (“op geen ander manier as wat Hy in sy Woord beveel het nie”) en die hedendaagse *praktyk* (met die baie dinge wat God *nie* beveel het nie) nou breekpunt.

[2] Ek glo dat hierdie spanning die ware rede is vir die verdiepende gebrek aan eenheid wat ons vandag aantref t.o.v. die dinge wat geskryf is oor die teorie van die erediens en die praktyk van die erediens.[45]

[3] Presbiteriaanse en Gereformeerde Kerke het by ’n vurk in die pad gekom. Daar moet nou na òf die een, òf die ander kant afgedraai word, en geen van die keuses lyk maklik of lekker nie. As ons aanhou om meer en meer *praktyke* toe te laat wat duidelik die historiese betekenis van die RB weerspreek (of, indien dan niks meer nie, die historiese betekenis so ver uitrek dat dit omtrent stukkend skiet), dan sal ons moet saamgaan met hulle wat die RB wil afbreek deur middel van herdefinisie, of moet aansluit by hulle wat verklaar dat hulle hulself nou losgemaak het van die beginsel. Die eindresultaat van hierdie twee opsies is omtrent identies, en ek beskou

---

onafhanklike elemente van die erediens is nie, maar wel dat hulle afsonderlik beveel is en dat, aangesien hulle van elkaar onderskeibaar is, hulle afsonderlike elemente van die erediens is. Ons maak daarom daarop aanspraak dat ’n spesifieke mandaat in die Bybel vir die inhoud van elk vereis word.”

[41] *Westminster Theological Journal* 54 (1992), p.329.

[42] Westminster Larger Catechism, Vraag en Antwoord 3.

[43] “The whole counsel of God concerning all things necessary for his own glory, man’s salvation, faith and life, is either expressly set down in Scripture, or by good and necessary consequence may be deduced from Scripture: unto which nothing at any time is to be added, whether by new revelations of the Spirit, or traditions of men.” Westminster Confession of Faith, I, 6.

[44] Westminster Confession of Faith, XX,2.

[45] Vgl. Vn. 34 en 40.

hierdie twee alternatiewe as in werklikheid een opsie. Die ander opsie, die ander keuse by die vurk in die pad, is om te begin met die moeilike werk van die wegdoen van praktyke wat ons belydenisse weerspreek. Dit was nog nooit maklik nie. Dit was nie maklik in die tyd van Calvyn nie, en dit sal ook nie maklik wees in ons eie tyd nie. Maar hierdie opsie het een besondere voordeel: dit is die regte ding om te doen, en om die regte ding te doen het ’n manier om op die lang duur ryke seëninge op te lewer.

[4] My oproep is daarom dat ons ons meer eendragtig inspan om ons belydenis uit te leef. Die RB is *nie* iets wat net tot die belydenis van sekeres van ons in die ICRC behoort nie. Dit is ons gesamentlike erfenis. En daar is minstens sekere bemoedigende tekens dat ’n verandering ten goede nog voorlê. Ek het ’n geleentheid gehad om ’n studie te maak van die RB terwyl ek as predikant in die Gereformeerde Kerke van Nieu Zeeland gedien het. Tydens die tyd was dit my voorreg om op ’n komitee te werk wat daardie kerkorde[46] hersien het op so ’n manier dat dit minstens nie meer neerkom op die *afdwing* van die herdenking van spesiale dae, anders as die dag van die Here, op God se volk nie.[47] Dit is onder my aandag gebring dat die Canadian Reformed Churches ’n soortgelyke aanpassing gedoen het, en die kerke vry laat om self te besluit op watter manier, en op watter dae, hulle “die geboorte, dood, opstanding en hemelvaart van die Here Jesus, sowel as Sy uitstorting van die Heilige Gees herdenk.” [48] Iets soortgelyks – hoewel nie so duidelik geformuleer nie – kry ons in die hersiene kerkorde van die nuut georganiseerde United Reformed Churches of North America. Wat in die verlede ’n *vereiste* was (in die Christian Reformed Church), word nou bloot *toegelaat* (in die URCNA). Hierdie Kerke *mag* die keuse uitoefen om hierdie groot verlossingsgebeure op die tradisionele dae te herdenk – maar daar word nie meer gesê dat hulle dit *moet* doen nie.[49]

---

[46] Aanvanklik het die Gereformeerde Kerke van Nieu Zeeland ’n kerkorde gebruik wat in die 1934 weergawe van die Psalter Hymnal van die Christian Reformed Church gedruk is, waarin die onderhouding van ’n aantal spesiale dae beveel word. Die hersiene kerkorde lui: “Corporate worship services on other days than the Lord’s Day are left to the freedom of the churches.”

[47] Art. 53. Die hersiening gaan ook nie meer sover as om die gebruik van lofliedere anders as die Psalms te *vereis* nie.

[48] Art 52. Ek kan nie sien waarom hierdie artikel ’n kerkraad daarvan sou weerhou om die normale verloop van katkiserende prediking gewoon te laat aangaan as die enigste manier waarop elk van hierdie verlossingsfeite beklemtoon word nie. Ek moet byvoeg dat die OPC nog nooit die onderhouding van sulke dae vereis het nie.

[49] Die URCNA het hulle ook daarvan weerhou om die sing van ongeïnspireerde gesange verpligtend te maak. In die hersiene kerkorde word gesê: “Die 150 Psalms *sal* die belangrikste plek in die sang van die kerke inneem. Gesange wat getrou en ten volle die leer

Ek wil my waardering uitdspreek vir sulke verbeterings. Voor die onlangse afskeiding van verskeie gemeentes van die Christian Reformed Church het ek, hoewel ek al afgetree is, dit as my plig beskou, vanweë die nood, om as predikant vir 'n groep mense in Noordwes Iowa wat as 'n Orthodox Presbyterian Church georganiseer is, uit te help. Sommige van die mense wat deel van hierdie gemeente geword het, het aan die Christian Reformed Church behoort maar kon nie langer aanbly met 'n skoon gewete nie. Een van die dinge wat hierdie mense in ons klein gemeente werklik waardeer het, was die algehele vryheid van die afdwing van dinge wat nie deur die Here ingestel is nie – dinge soos Goeie Vrydag en Kersfees.

En so, toe die afgeskeie kerke in ons area verenig het, was hierdie vryheid 'n saak van bekommernis vir ons hoewel ons dit as 'n Bybelse plig beskou het om eenheid met die afskeiers te soek. Ek kan gelukkig sê dat ons warm ontvang is, en die versekering gekry het dat ons vry sal bly van enige verpligting om hierdie menslik uitgedinkte dae te vier, selfs al is dit duidelik gemaak dat hulle sou voortgaan om eredienste op daardie dae te hou vir die mense wat daarmee wou aangaan. Daar word soms gesê dat aanhangers van die historiese RB primêr geïntereseerd is daarin om ander mense daarvan te weerhou om dinge te doen wat hulle wil, en wanneer hulle wil, soos om die geboorte van Jesus op die 25ste Desember te herdenk. Ek wil graag sê, as iemand wat steeds daarvan oortuig is dat die RB die leer van die Bybel is – dat ek geen behoefte het om enigiemand daarvan te weerhou om die geboorte van Jesus op die 25ste Desember te herdenk, indien hulle dit so verkies nie. Al wat ek vra – as 'n Christen en as 'n bedienaar van die evangelie – is dat hulle wat die vryheid vra om dit te doen, aan my die vryheid gun om dit *nie* te doen nie. Ek glo nie enige individu het die reg om sy (of haar) vrye voorkeur op my af te dwing met betrekking tot dinge wat nie deur die Here beveel is nie. En ek glo ook nie dat enige kerk die reg het om dit te doen nie.[50] Inderdaad: hier is juis die

---

van die Heilige Skrif soos uiteengesit in die Drie Formuliere van Eenheid weergee, ***mag*** gesing word, mits hulle deur die kerkraad goedgekeur is." (my beklemtoning.)

[50] Ek is bewus daarvan dat die Tweede Helvetiese Belydenis in hierdie opsig meer toelaat as die ander Gereformeerde Belydenisse. Maar dit is belangrik om kennis te neem van *alles* wat dit sê: "... as die kerke op godsdienstige manier die herdenking van die Here se geboorte, besnydenis, lyding, opstanding en hemelvaart en die uitstoring van die Heilige Gees onderhou, **volgens die Christelike vryheid**, keur ons dit heeltemal goed." (XXIV, 3). Baie hang in hierdie geval daarvan af of die woorde wat ek hier vet gedruk het, hulle regmatige aandag kry. En nog 'n artikel (XVIII,14) van dieselfde Belydenis werp ook belangrike lig op die kwessie: "**Geen mens het enige reg om te verbied dat ons kan terugkeer na die ou aanwysing van God en eerder dít ontvang as die mensgemaakte tradisies nie.**" Soos ek dit lees beteken dit dat ek, en ander van soorgelyke oortuiging, al is ons 'n minderheid – alle reg het om by die apostoliese gebruik te bly wat *nie* enige spesifiek bepaalde jaarliks

grens waar die apostel Paulus self die lyn getrek het.[51] Die mense onder ons wat geen mandaat in die Woord van God vir enige herhaalde herdenking van dae buiten die dag van die Here kan vind nie, moet nie *ons* oortuiging afdwing op individue wat wil aanhou om hierdie dae te onderhou nie. Maar die omgekeerde is ook waar, en volgens my ervaring is hulle wat die dae wel onderhou – omdat *hulle* siening die gewilde een is – baie dikwels die mense wat maar tog te gewillig is om hulle siening af te dwing op die res van ons wat dit nie doen nie.[52]

[5] Ek is geen profeet nie, maar ek sien die dag kom wanneer die eenvoud van aanbidding soos deur ons Reformatoriese vaders weer baie aantreklik gaan wees. Baie Christene het al klaar moeg geraak van al die veranderinge, foefies en uitdinksels wat opregte en goed-bedoelende mense ingebring het om die kerk se erediens te "verbeter". Ek glo die punt sal binnekort bereik word waar die historiese aanbidding van die Gereformeerdes – aanbidding in Gees en Waarheid – weer erken sal word as die opwindendste nuwigheid, maar ook as die grootste moontlike seën.[53] Ek hoop ons sal daar wees om hulle op 'n warm manier te verwelkom wanneer hierdie tyd gekom het.

Mag dit die Here behaag om die koms van daardie dag te verhaas deur aan ons 'n nuwe Reformasie te gee!

---

herhaalde dae onderhou nie, maar alleen maar die weeklikse Dag van die Here. As die vetgedrukte woorde ernstig opgeneem word, is die Tweede Helvetiese Belydenis in harmonie met die ander Gereformeerde Belydenisse.

[51] Rom. 14:5,6a,13

[52] Die situasie is baie soortgelyk sover dit die sing van God se lof in die erediens aangaan. Alhoewel die Orthodox Presbyterian Church daarvoor gekies het (foutiewelik, na my mening) om etlike honderde ongeïnspireerde gesange goed te keur vir insluiting in die Trinity Hymnal – terwyl hulle nie eers een weergawe van elke Psalm wat in die bybelse Psalmboek voorkom, ingesluit het nie – het dit nooit probeer om die sing daarvan af te dwing op hulle wat dit nie in goeie gewete kan doen nie. Daar is steeds 'n groot mate van respek, met ander woorde, vir die historiese oorwegings wat ek in hierdie artikel probeer uitlig het.

[53] "Vir dekades lank reeds het evangeliese kerke hulle dienste ingerig ter wille van ongelowiges. Beide die herlewingsgerigte dienste van 'n vorige generasie en die "seeker service" van vandag is gevorm deur dieselfde oorweging – om die ongekerktes aan te spreek. Dit is ook nie verrassend nie dat in nie een van die gevalle veel plaasvind wat ons 'n erediens deur Christene kan noem nie. Die resultaat hiervan is dat baie evangeliese gelowiges wat vir jare lank reeds in sulke dienste sit, vind dat hulle siele besig is om op te droog, en begin verlang na iets anders... Die ware oplossing vir die probleme in die hedendaagse erediens kan gevind word in die eenvoudige, geestelike, inhoudryke en ernstige erediens van die Gereformeerde geloof en erediens." *A New Systematic Theology of the Christian Faith* deur Dr. Robert L. Reymond, p. 873.

## <u>Verdere leestof te koop</u>:

**A. BOEKIES**

**1. Waarom sing die Gereformeerde Kerk alleen die Psalms?, prof JD Du Toit (Totius) & prof. Jan-Lion Cachet (56bl.) - R30-00**

Inhoud:
- Waarom is u lidmaat van die (Dopper) Gereformeerde Kerke?
- Inleidende opmerkings op die teks
- Teks: Waarom sing die Gereformeerde Kerke alleen die Psalms?

Inleiding
In die Geskiedenis
Psalms en Gesange
Die 'Christelikheid' van die Psalms
Die Psalms en die Martelare
Die Beryming
1 Kor.14:26; Ef.5:19; Kol.3:16
Die Suiwere Leer en die Gesange
Ten slotte

Bylaag 1: Die Gesange as draer van die valse leer tydens die kerkstryd in die 19de eeu.

Bylaag 2: Die handhawing van Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 7, deur die Doppers in die 19de eeu, in hul verwerping van die Evangeliese Gesange.

Bylaag 3: Besware insake Skrifberymings by Sinode 1936, deur die Gereformeerde Kerk, Theunissen.

**2. Die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word: Erediens en die Genoegsaamheid van die Skrif in Artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, ds. W. Bredenhof (60bl.) - R30-00**

Inhoud:
- Die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 7, in die ontstaansgeskiedenis van die Gereformeerde Kerke
- <u>Teks</u>: DIE HELE WYSE WAAROP GOD DEUR ONS GEDIEN MOET WORD

1. Inleiding
2. Guido De Bres
   *2.1. Die Bastion van die Christelike Geloof*
   *2.2. Die wortel, bron en fondament van die Anabaptiste*
3. Johannes Calvyn
   *3.1. Die Institusie*
   *3.2. Die Geloofsbelydenis in die naam van die Gereformeerde Kerke van Frankryk*
   *3.3. The Genevan Book of Order*
4. Die Galliese Belydenis

5. Inhoudelike ontleding van artikel 7
  *5.1. Tekskritiese nota*
  *5.2. "Diens"*
  *5.3. Kommentatore*
6. Gevolgtrekking
7. Enkele belangrike bronne

"Ons fokus in hierdie studie sal val op die tweede sin (in NGB artikel 7): "Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word..." Ons sal twee vrae in verband met hierdie sin ondersoek:
1) Gee die Nederlandse Geloofsbelydenis hier uitdrukking aan die regulerende beginsel van die erediens?
2) Hoe lyk die verband tussen die leer van die genoegsaamheid van die Skrif en die diens van God in hierdie artikel in die histories-teologiese konteks van die Nederlandse Geloofsbelydenis?"

**3. Die eerste tree tot verdeeldheid in die GKSA: die invoering van Skrifberymings deur die Sinodes van 1939 en 1942 , ds. LS Kruger (25bl.) - R20-00**

"Deur die invoering van die Skrifberymings het die sinode afgewyk van die beginsel van art.69 K.O. en die uitgesproke beskouing en die historiese lyn van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Die kompromis-voorstel van Ds. Postma, naamlik dat **ter wille van kerkeenheid** die beswaardes teen die Gesange wel die Gesange sal sing waarvan die teks in die Bybel is, is met die invoering van die Skrifberymings gesanksioneer. Daarmee het die Sinode van 1939 en 1942 die reg van die afskeiding van die Geref. Kerk in 1859 **in wese** herroep. Hoewel dit in 1859 nie net gegaan het om die Gesange nie, was die Gesange tog die kernpunt waarom alles gedraai het. **Die Gereformeerde Kerk het hom hiermee (in stryd met die besluit van Dordt) op die standpunt van Gesange geplaas**. Daar is nou nie meer 'n radikale verskil tussen die Gesange van die Gereformeerde kerk en dié van die NG Kerk nie. 'n Besoekende Gereformeerde predikant het dan ook onlangs in 'n preek hier in die gemeente Klipriviersberg gesê dat Gesange geen grond meer is waarom die Kerke nie kan verenig nie.

**Die verskil in die kerklied tussen die Gereformeerdes en hulle Skrifberymings en die ander Afrikaanse kerke is nou nie meer prinsipieel nie maar slegs gradueel.** Die Sinodes van 1939 en 1942 het met die invoering van die Skrifberymings aan die ander Kerke gesê: "Kyk, ons handhaaf nie meer die standpunt van ons vadere wat hulle in 1859 terwille van die beginsels op die spel, van julle afgeskei het nie! "

**4. Berea Studiereeks, ds. S Le Cornu (130bl) - R50.00**

Die reeks studiepamflette word genoem 'Berea' na aanleiding van Hand.17:11, "En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessalonika; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was." As gelowiges moet ons alles wat ons glo en doen ondersoek in die lig van die Skrifte. Dit is dan ook die doel van die Berea-reeks, sodat ons God mag liefhê en dien soos dit Hom behaag.

Inhoud:

1. Hoekom ons die OAV gebruik
2. Wat leer die Skrif oor egskeiding en hertroue ?
3. Is die Dordtse Leerreëls nog van betekenis vir vandag ?
4. Hoekom was die sing van die Psalms so belangrike saak in 1859 ?
5. Waarom behoort ons nie Kersfees te vier nie ?
6. Die sing van Psalms en Skrifberymings
7. Wat is nou eintlik Gereformeerde Aanbidding ?
8. Wat het Johannes Calvyn geleer oor hoe ons die HERE moet aanbid ?
9. Wat leer Sondag 35 v/a 96 oor hoe ons die HERE moet aanbid ?
10. Die Christelike geloof, Steve Hofmeyr en die Bulle
11. Die moderne jeugbediening bewegings: goed of sleg ?
12. 'n Verslag oor die GTV konferensie (2008) aangaande die vrou in die besonderse ampte
13. ‘n Ope brief aan die onrustiges in die GKSA

**B. PAMFLETTE**

1. Belofte en eis van die Genadeverbond, dr. PJS de Klerk (30bl.) - R10.00
2. Dans: 'n gereformeerd-etiese studie, prof. PW Buys (31bl.) - R10.00
3. Begrafnis of Liggaamverbranding, ds. H Hefer (31bl.) – R20.00
4. Egskeiding en Hertrou, ds. S Le Cornu (32bl.) - R10.00

*Slabbert Le Cornu (VDM)*

---

GK Carletonville Tel & faks: 018 787 5444  Sel: 083 660 1578
Posbus 5 Carletonville 2500  Web: www.esra-instituut.co.nr
E-pos: proregno@gmail.com Blog: http://proregno.blogspot.com/
Die HERE het groot dinge aan ons gedoen, ons was bly ! - Psalm 126:3

---